

#1

*Deur* **Nadine Vosloo en Dale Niehaus**
*Foto's* **ER Lombard**

# Skep kleur onder jou bord

## Hergebruik glas

Verf ou glasflesse en vul dit met loof, blomme of plante vir atmosfeer in jou kuierplek.

**WAT JY NODIG HET**

- glasflesse van jou keuse
- lakverdunner
- vleisdoek • verfkwas
- Tjhoko Paint in J'co, Karema, Simon Says en Matt Black
- tou

### Só maak jy ...

Vee die flesse skoon met 'n stuk vleisdoek gedoop in lakverdunner. Wag 20 minute dat dit kan droog word en verf die eerste laag. Wag dan weer 20 minute voor jy die tweede laag verf. Bind tou rondom die bek van elke fles en hang dit op bo jou kuiertafel.

**MAKLIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 1/10
**Vaardigheidsvlak** 1/10
**Tyd nodig** 2 uur (hang af hoeveel van dié projekte jy alles gaan doen!)

Kyk na die video by netwerk24.com/tuis/.








Foto's geneem by Garden World (gardenworld.co.za)

## Stensil jou onderborde


Druk jou eie stempel af en dek jou tafel met onderborde-en-plekmatjies in een.

**WAT JY NODIG HET**

- hout-plekmatjies
- mandala- en eetgerei-stensil van Tjhoko Paint
- stensilkwas • Tjhoko Paint in Lourain's Cream
- maskeerband
- vleisdoek

### Só maak jy ...

Plak jou stensil met maskeerband op die bord vas. Doop die stensilkwas in die verf en vee oortollige verf aan 'n stuk vleisdoek af voordat jy dit op die stensil gebruik – hoe minder verf op jou kwas, hoe kleiner die kans dat verf onder die stensil sal inloop.





## Maak 'n swartbord-'loper'

Laat jou gaste hulleself help met speelse bordkryt-aanwysings op 'n geverfde blad.

**WAT JY NODIG HET**

- veselbord ("MDF") in die regte grootte
- Tjhoko Paint in Matt Black
- bokhaarroller en verfpan
- bordkryt

### Só maak jy ...

Verf jou veselbord met Tjhoko Paint in die kleur Matt Black (maar onthou, jy kan op enige Tjhoko Paint-kleur skryf). Wag tot die verf droog is en skryf dan 'n paar prettige aanwysings met bordkryt daarop. >>

















# Verf 'n 'tafeldoek'!

Dié tafel is met stensils en Annie Sloan-verf verfraai in verskillende komplementêre kleure.

**WAT JY NODIG HET**

- Annie Sloan Napoleonic Blue
- Annie Sloan Graphite
- stensil(s) van jou keuse
- bokhaarroller en verfpan
- stensilkwas
- seëlaar soos Annie Sloan Clear Wax of Sabre Paints Stoneseal

## Só maak jy ...

Verf eers die hele blad met 'n soliede kleur van jou keuse – hier is een deel Napoleonic Blue gemeng met een deel Graphite vir die agtergrond. Doen die stensilwerk van buite na binne, een ronde op 'n slag. Gebruik telkens 'n nuwe stensil vir elke ronde, of herhaal dieselfde stensil in 'n ander kleur. Hou so aan tot in die middel van jou tafel. Seël agterna met Annie Sloan Clear Wax of Stoneseal van Sabre Paints. Die volgende kleure is hier gebruik (van buite na binne): English Yellow, Old Violet, Emperor's Silk, Pure en Florence.

*Warm wenk*

Op 'n besige tafel soos dié laat glasware en deurskynende messegoed die kollig op die detail daaronder val. Herhaal die spatsels kleur in jou servette en blomme.



# Piekniek in styl

Maak hierdie sierlike houtplekmatjies en gebruik dit binne of buite!

**WAT JY NODIG HET**

- boomskywe (trapblokke), te kry by kwekerye
- stensil in 'n ontwerp van jou keuse
- Stencil of Paris
- verfskraper (50 mm breed)
- Tjhoko Paint (ons het die kleure Jane's Jade, Simon Says en Cloud White gebruik)
- verfkwas (50 mm breed)
- Antique Brown Glaze
- vleisdoek so groot soos 'n vadoek

## Só maak jy ...

**1** Plaas die stensil op die boomskyf. Wend van die Stencil of Paris-pasta egalig oor die stensil aan met die verfskraper (pasop dat die pasta nie smeer nie). Verwyder die stensil terwyl die pasta nog nat is en was die stensil met water.

**2** Wag sowat twee uur tot die Stencil of Paris droog is en verf dit dan in 'n Tjhoko Paint-kleur van jou keuse. Ons het party skywe met Jane's Jade en ander met Simon Says geverf. Wag minstens vier uur tot dit droog is.

**3** Roer die Antique Brown Glaze goed en giet 100 ml oor in 'n ander houer; verdun met 30 ml water. Wend nou die glasuur versigtig met 'n verfkwas bo-oor die verf aan. Vee dadelik af met 'n klam lap totdat jy tevrede is met die voorkoms.

**4** Wag sowat 30 minute en wend dan Cloud White-verf oor die Antique Brown Glaze aan; doen dit met 'n droë kwas (maak net die punt van die verfkwas nat met 'n titsel verf) en vee liggies met die kwas bo-oor die glasuur.

**KONTAKTE**
**Nadine Vosloo** 073 206 3104, tjhokopaint.co.za
**Dale Niehaus** 083 446 9984, facebook.com/chiselandchalk

Die kussings is ook versier met Tjhoko Paint in die kleure Jane's Jade en Simon Says.